"Ons hou dit altyd in gedagte dat ons die Goeie Nuus met soveel as moontlik mense moet deel," sê een van FEBA se spanlede, "sodat baie mense ons Redder, Jesus, mag leer ken en vertrou. Die saad wat ons plant is nie maklik nie, die grond is hard, maar ons word bemoedig deur die belofte dat die saad in God se tyd sal groei en vrug dra."

Vir meer inligting oor FEBA, besoek gerus www.febaradio.co.za of kontak ons kantoor by 012 335 5708. **Totdat almal gehoor het**

Dr Jurie Vermeulen
Nasionale Direkteur, FEBA Radio Suid Afrika [surika@febaradio.co.za]

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**.
Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.
Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**
Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n Ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.
(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).

Die koskas is feitlik leeg



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 21 Sondag 14 Julie 2024
Redakteur: Rudy van der Spoel **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste :
Ouderlinge: Wyk 3 **Kobus Havenga** en Wyk 4 **Gideon Wentink.**
Diakens: Wyk 3 **Rudy van der Spoel** en Wyk 4 **Coetzer Stoop.**
TEEBEURT: Susters wyke 9 Leana Mostert en 10 Mabel Glöy

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

Onthou die middagdiens begin om **17:00** in die winter

OGGEND: Woordbediening: 1 Samuel 14.
Fokusverse: 1 Samuel 14:27b.
TEMA: *Christus gee verkwikking vir sy strydende kerk.*
Sing: Psalm 80:3, 4, 10; Psalm 19: 1, 5; Psalm 119: 38, 55; Psalm 110-3: 1, 2, 3; Skrifberyming 17-2: 5, 6, 7, 8.
Bede met meelewing: Psalm 28: 1, 2, 7, 8. .

MIDDAG: Erediens om 17:00
Woordbediening: 2 Konings 4.
TEMA: *Die HERE se troue sorg bring ons tot die belydenis dat Hy die enigste Bron van alle goed is.*
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 50, V&A 125.
Sing: Psalm 36: 2, 3; Psalm 145: 1, 2, 9, 12; Psalm 104: 17, 18; Psalm 136: 1, 2, 19, 20.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir **Klassis Potchefstroom Sustentasiekas**
Vanaand: ***Diens van Barmhartigheid*** ***(BLOU)***en ***Kerkkas*** ***(ROOI)***
(Volgende week se spesiale kollekte is vir Trans Oranje Instituut**)**

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Ons is baie dankbaar teenoor ons Here dat die operasie van **Pieter Glöy** goed afgeloop het. Ons bid hom krag en sterkte toe vir die herstelproses en ook baie sterkte aan **Mabel** wat hom bystaan en ondersteun. Toe die Kerkwerf saamgestel is, was hy nog in die Anncron hospitaal.

Dora Reynecke is Saterdag in Medikliniek opgeneem nadat sy 'n beroerte-aanval gehad het. Sy sal in Medikliniek vesorg word totdat haar kragte sodanig versterk het dat sy 'n voedingsbuis kan ontvang. Daarná sal sy in die M Care hospitaal versorg word totdat sy in haar kragte genoegsaam versterk is.

Carmie Huisman het Maandag 'n geslaagde cholecystektomie ondergaan en sterk tuis aan. Ons is ook dankbaar dat die onlangse biopsies wat gedoen is, negatief was.

Ria Serfontein het geval en onder andere haar arm gebreek en ook beserings aan haar gesig opgedoen. Sy word nou in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan versorg. Ons bid haar en br Willem en hulle dierbares die krag en genade van ons hemelse Vader toe.

HUWELIKSHERDENKING

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Donderdag is dit **Deon en Cecilia du Plessis** wat hulle **agste** huweliksherdenking vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OM DIE KOUE TE VERDRYF?

Die Susters van wyke 9 en 10 nooi almal uit om om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat D.V gedurende die week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
So	14/07	**Ria Eserhuizen,**. Wyk 2
Ma	15/07	**Mari Badenhorst (87),**. Wyk 12
		Annatjie Slabbert,. Wyk 5
Wo	17/07	**Gert Kruger,**. Wyk 4
		Johan Markgraaf,. Wyk 10
Do	18/08	**Kobus Havenga,**. Wyk 5
		Geert Stoop,. Wyk 7
Vr	19/09	**Dana du Plessis,**. Wyk 1
Sa	20/09	**Monique de Klerk,**. Wyk 1

Bede met meelewing: Psalm 28: 1, 2, 7, 8.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak

KATKISASIE	Sondag 14 Julie	Sondag 21 Julie
Lesrooster:	Les 15	Les 16
Psalmvers:	Psalm 37: 2	Skrifberyming 1-1: 7 r 1-4
Heidelbergse Kategismus:	Sondag 42	Sondag 43
Memoriseerwerk (Gr. 1-2)	Eksodus 20: 4	Eksodus 20: 5
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Graad 1 & 2: Wyk 3 Graad 3 & 4: Wyk 4	Graad 5 & 6: Wyk 5 Graad 7: Wyk 6
Hoërskoolkatkisasie	NGB. Art. 16 (hersiening)	Les 13

EREDIENS: HUIS EIKELAAN

Die erediens op **Sondag 21 Julie** om 15:30 by Huis Eikelaan vind onder leiding van prof. Ben de Klerk plaas. Ouderlinge van wyke 5 en 6 is aan diens.

VAN DIE BREë KERKRAAD

ATTESTAAT

Lidmaatskap beëindig: Ons het verlede Sondag by wyse van afkondiging afskeid geneem van **Winél Huisman** wat haarself nou voeg by die Metodiste Kerk Potchefstroom. Ons wens haar seënwense toe.

KENNISGEWING AAN FUNKSIONARISSE: G-REMOTE TOEGANGSBEHEER VAN HEK

Funksionarisse wat toegang tot die kerkterrein verkry deur van die G-Remote toepassing op hulle telefone gebruik te maak, moet asseblief kennis neem dat dié toepassing vanaf 31 Augustus 2024 nie meer funksioneel sal wees nie. Die MyCentsys Remote toepassing kan afgelaai word. Dit neem die funksie van G-Remote oor.

'n VRIENDELIKE VERSOEK.

Dat lidmate asseblief alle afkondigings en berigte vir *Op die Kerkwerf* aan die kantoor deurgee teen Donderdag om 12:00 sodat ons die aanvullende afkondigings wat tydens die konsistorie-vergadering geopper word tot die *absolute minimum* kan beperk. Ook, al is die predikante bewus van meelewingsafkondigings, dat dit, ter wille van volledigheid ook na die kerkkantoor toe deur-gegee word. Mense vergeet maar en ons het mekaar se hulp nodig.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe bedank

- Ds GP (Gerrie) van Rhyn van GK Komatipoort na GK Okahandja [Namibië]
- Ds GP (Gerrie) van Rhyn van GK Komatipoort na GK Graaff Reinet

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OM DIE KOUE TE VERDRYF?

Die Susters van wyke 9 en 10 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

Saai vanuit die dak van die wêreld

Liewe FEBA - vriend,

"Ek hou daarvan om na jul radioprogramme oor verskillende onderwerpe soos gesondheid en die Tibettaanse wêreld te luister," skryf Tenzin*, 'n Tibettaanse luisteraar wat deelneem aan FEBA se Gawelyon-projek. Hierdie uitreikprojek verkondig al vir 33 jaar die evangelie van Christus aan Tibettane binne Tibet, sowel as reg oor die wêreld aan die diaspora. "Ek geniet dit ook om na jul liedjies te luister, wat baie goed is. Hou vol met die werk wat julle doen."

Tibet staan bekend as "die dak van die wêreld". Sy pragtige landskap spog met reusagtige berge en plato's wat so hoog is dat slegs Tibettane daar kan floreer, te danke aan 'n genetiese mutasie wat hulle in staat stel om gemaklik asem te haal by 4,500 meter bo seespieël. In die skadu van hierdie skoonheid is daar egter baie pyn. Honderde duisende Tibettane het al uit hul tuisland gevlug om politieke of ekonomiese redes, en vandag is daar sowat 6,5 miljoen Tibettane reg oor die wêreld versprei.

Die Gawelyon-projek gebruik kortgolfuitsendings om uit te reik na Tibettane en inwoners van die Himalaja-streek. Onderwerpe soos kos en voeding, voorkoming van siektes, omgewingsake, sanitasie en gesondheid word bespreek, asook die Christelike geloof. Die span saai weekliks drie 30-minuut programme in die taal van Sentraal-Tibet uit, en deel fisiese kopieë van Christelike en gesondheidsverwante lektuur aan mense uit. Hulle doen ook moeite om met luisteraars, van wie sommige in kampe woon, in verbinding te tree en hulle deur moeilike tye te ondersteun. Dwelmmisbruik onder die Tibettaanse jeug is toenemend 'n bron van kommer. Die Gawelyon-projek werk nóú saam met jongmense om vir hulle selfstandigheid aan te leer en met oordraagbare vaardighede toe te rus.

Dit is om verskeie redes 'n moeilike veld om te ploeg. Eerstens is Tibettaanse Boedhisme diep in Tibettaanse kultuur verweef; tweedens bring China se teenwoordigheid baie van dieselfde inperkings wat Christene in China mee te doen kry; en derdens het Tibet se dekade-lange stryd vir onafhanklikheid baie van sy mense met diepgesetelde trauma gelaat. Dit kan dikwels moeilik wees vir FEBA se mense, wat saad moet saai sonder enige teken van groei vir lang tye. Daarom is dit vir hulle altyd bemoedigend om van luisteraars te hoor, en hoewel dit stadig mag voel, is daar groei: die span het in die afgelope jaar 75 nuwe kontakte by hul databasis gevoeg! → na bladsy 6